NUUSBRIEF DESEMBER 2016

LIEWE HOUSE OF HOPE VRIENDE

VAN SONJA (CEO) SE KANT….

My hart loop oor van dankbaarheid teenoor die Here vir Sy goedheid en guns. Sy onverantwoordelike liefde dra ons daagliks en ons het gesien hoe Sy skatkamers vir ons oopgaan.

Baie dankie aan elke individu en donateur vir u omgee en bydraes. Elke rand maak ons las soveel ligter. ‘n Spesiale dankie ook aan ons vrywilligers, personeel en Bestuurslede.

Mag u ‘n baie geseënde Kerstyd en 2017 vol vrede hê.

SONJA DU TOIT, CEO

NUUS VAN ONS MAATSKAPLIKE WERKER

Die afgelope kwartaal was ‘n besige tyd in House of Hope, soos maar oral in die laaste kwartaal die geval is.

Ons het 3 nuwe inwoners opgeneem en kry voortdurend navrae ivm nuwe opnames.

Die goeie nuus wat ons van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling gekry het, is dat ‘n pos vir ‘n hulp maatskaplike werker goedgekeur is en ons het reeds vir Agnethea Hartman aangestel. Sy begin op 3 Januarie 2017 te werk. Dit sal my hande baie losser maak om meer by berading met die vroue en kinders uit te kom en sy sal ook kan help met groepwerk in die gemeenskap, asook met administratiewe take.

Ek het ‘n kursus by Jelly Beans in Kaapstad bygewoon met betrekking tot die hantering van getraumatiseerde kinders. Ek was baie beïndruk met die aanbieding, gevolglik is ons besig om te onderhandel om die kursus hier in Worcester te laat aanbied vroeg in die nuwe jaar.

Ons beplan ook om, in samewerking met Leatitea Hugo, by Beit Bracha, ‘n versorgingskursus aan te bied en om in affiliasie met Bergsig Opleidingsentrum Stellenbosch, ‘n “Educare” kursus aan te bied. Hierdeur wil ons die inwoners bemagtig met vaardighede wat hul sal in staat stel om makliker tot die arbeidsmark toe te tree.

My droom vir 2017 is dat elke inwoner die huis sal verlaat met emosionele vaardighede, maar ook met werksvaardighede, sodat hulle die vermoë sal hê om bo hul omstandighede uit te styg.

LETTIE MARSH

MAATSKAPIKE WERKSTER

GETUIENIS VAN EEN VAN ONS INWONERS

Dit is die eerste keer dat ek die getuienis lewer. Ek was ‘n dwelmverslaafde en was verslaaf aan die dwelm tik. Ek was baie baie ongelukkig. Ek het basies niks van myself gedink nie en het nie omgegee oor myself, my kinders, my lewe of die geliefdes rondom my wat eerlikwaar lief was en omgegee het vir my nie. Ek het baie mense seergemaak en dinge gedoen aan hulle wat verkeerd was. Op 19 Oktober 2016 het ek net genoeg gehad van als en oor die seer en pyn waar deur ek moes gegaan het, het ek besluit om ‘n nuwe lewe te begin en om sober te word. Ek het God se heerlikheid ervaar en het opgehou rook en dinge begin sien soos dit moes gewees het. Ek het Sy naam groot gemaak en voordurend gebid. Deur die genade is ek vandag heeltemal gesond. Dit is hoekom ek nie anders kan as om elke dag na Sy stem te luister en om Hom te gehoorsaam nie. Hy maak soveel deure vir my oop en daar is soveel geleenthede om te getuig van Sy grootheid. Gebede het groot krag, ons moet net ons lewens oorgee aan Hom en Hom dien.

Ek het besluit om na ‘n rehablitasie sentrum te gaan by Ramot in Parow, Kaapstad. Die moeilikste ding waarmee ek gesukkel het, was my selfbeeld. My selfbeeld was baie swak en ek het so te sê niks van myself gedink nie. Vandag kan ek sê dat ek my identiteit teruggekry het en my selfbeeld en my waarde teruggekry het. Aanvaarding was baie goed gewees en die liefde van God was sigbaar. So stuur die Here ons na plekke. Ons moet glo, bid en vertrou.

VAN DIE KANTOOR SE KANT

Charmaine Bezuidenhout het ons verlaat einde Oktober. Ons wens haar alle sterkte op haar lewenspad vorentoe. Baie dankie vir alles wat jy vir House of Hope gedoen en beteken het.

Karin Diener is aangestel vanaf 1 November 2016 in die kantoor as administrateur. Haar grootste taak is om fondsinsamelings te reël, so daar sal beslis in die nuwe jaar nuwe, opwindende projekte by House of Hope gebeur. WATCH THIS SPACE!!!

(FOTO NR 1 -)FOTO VAN SONJA, LETTIE, CHARMAINE EN KARIN)

WAT HET ALS GEBEUR BY HOUSE OF HOPE IN DIE LAASTE PAAR MAANDE…..

JENNA LEIGH BILONG

Op 30 Julie het die bekende TV persoonlikheid, Jenna-Leigh Bilong ‘n damesoggend gehou met die tema “Die punt van genoeg”.

(FOTO NR 2 – JENNA LEIGH BILONG)

ALGEMENE JAARVERGADERING

Ons jaarlikse algemene vergadering is op 5 September 2016 gehou in die Biblioteeksaal. Die gasspreker vir die geleentheid was

INLIGTINGSDAG OOR HUISHOUDELIKE GEWELD EN BEDERFDAG BY BRANDVLEI GEVANGENIS GEHOU OP 23 SEPTEMBER 2016

(FOTO NR 3)

AFSLUITINGSFUNKSIE TE GOUDINI SPA VIR INWONERS

Ons het ‘n baie suksesvolle afsluitingsfunksie by Goudini Spa gehad vir die inwoners van die huis. Hulle het hul gate uit geniet in die swembaddens en “supertube”.

(FOTO NR 4)

DEE’S HAARSALON

Van ons personeel en ‘n oud-inwoner het ‘n formele dinee bygewoon wat Dee’s Haarsalon gereël het. Baie dankie aan Dee’s wat die aand se opbrengs van R2500 aan House of Hope geskenk het!

FUNDAY EN KERSBOOM

Op 13 Julie is daar ‘n “funday vir die kinders gehou. Hulle het dit so geniet. Ons het ook op 14 Desember ‘n Kersboom vir die kinders en inwoners gehou. Die kinders was vreeslik opgewonde toe Kersvader spesiaal by hulle ‘n geskenkie kom aflewer het.

(FOTO NR 5 EN 6)

1000 DANKIES …..

Sjoe, waar begin ons om dankie te sê vir al die skenkings en ondersteuning wat ons sover die jaar ontvang het.

Daar is defnitief te veel persone om elkeen individueel te bedank, maar weet dat ons ieder en elk van jul waardeer!!

Ons wil graag spesiaal dank uitspreek vir die volgende persone/maatskappye:

- **RAINBOW**

  Baie dankie vir al die skenkings sover die jaar wat insluit, hoender, eiers, kruideniersware, klere, toiletware en matrasse. Baie dankie ook vir die bederfdag wat vir die vroue gehou is.

  (FOTO NR 7)

- **APL**

  Baie dankie vir die groot skenking tov fondse. Dit was regtig ‘n groot hulp om finansiële verligting te kry.Baie dankie ook vir die donasies tydens die optrede van Jenna-Leigh Bilong.

- **RODLYN’S**

Dankie vir jul ondersteuning en al die drukwerk wat kosteloos vir ons gedoen word!

BREEDENET

Baie dankie vir die borg van ons internet maandeliks!

- **CALLIE GOOSEN**

  Baie dankie vir u hulp met ons website.

- **GOUDINI SPA**

  Baie dankie aan Madelyn vir jou hulp om gratis toegang te reël vir die dames.

- **POOL TRANSPORT**

  Baie dankie vir die groot skenking van Ceres Sap aan die huis.

- **FAMILY ADVOCATE OFFICE**

  Vir die geskenke afgelewer. Elke inwoner waardeer dit opreg!

- **IRIS FOURIE VAN AVROY SHLAIN**

  Baie dankie vir elke dame se bederf en die wonderlike bederf sakkie wat elkeen ontvang het.

OUR WISHLIST

- Toiletware, toiletpapier
- Babadoeke, melk, pap & toiletware
- Toesluit kaste
- Nie bederfbare voedsel
- Skoonmaakmiddels
- Klere & Skoene
- Mikrogolfoond
- Beddegoed en gordyne

Indien u belangstel om ‘n inwoner te borg kan u ons kantore kontak.

Die koste is slegs R300,00 per maand!

INDIEN U ‘N DONASIE WIL MAAK, ONS BANKBESONDERHEDE IS SOOS VOLG:

Worcester House of Hope
Standard Bank Worcester
Rekeningnommer: 386256055
Takkode: 05040741

WHO WE ARE

The vision was birthed in the heart of the project leader, Sonja du Toit, many years ago. On the 23rd of June 2003, the launching of "Worcester House of Hope" took place. In July that year we had the first intake.

Our vision: To take into residence women and their children so that they can be helped to process traumatic experiences and turn it into meaningful oppurtunities which will facilitate their development.

HOW TO CONTACT US

Adress: Private Bag 3105
Suite 39
WORCESTER
6849

Phone: 023 3423167 (Office Hours: 08:00 tot 16:00)
E-mail: cwhouseof hope@breede.co.za
Web: www.whoh.co.za
Facebook: Worcester House of Hope

You may also contact our CEO/Manager, Sonja du Toit at:
Phone: 023 3472519 or 082 2268464 (hours 9:00 & 14:00 7 16:00 and 20:00)
E-mail: cwhouseofhope@breede.co.za

GENIET DIE KERSSEISOEN MET U FAMILIE EN VRIENDE EN VOORSPOEDIGE 2017!!